# TWEEDE FASE VAN 'N MEESTERPLAN VIR PRETORIA

*Deur* **D.J. VILJOEN**

In 1972 is 'n verslag gepubliseer oor die sogenaamde Eerste Fase van 'n Meesterplan vir Pretoria, wat as die Beleidsplan bekend staan. Hierdie plan wat deur konsultante namens die Pretoriase Stadsraad opgestel is en met geringe wysiging deur die Stadsraad aanvaar is, het sekere beleidsvoorstelle geformuleer wat die weg moes baan vir meer konkrete fisiese voorstelle wat as die Tweede Fase van die Meesterplan sou volg.

Op 9 September 1976 het die Stadsraad besluit om aan die konsultante wat vir die Beleidsplan verantwoordelik was opdrag te gee om die Tweede Fase te onderneem, in ooreenstemming met 'n beplanningsprogram waaroor reeds onderling tussen die Stadsraad en die konsultante ooreengekom is. In die lig van die Driessen-voorstelle oor stedelike vervoer, en die vereistes van die Departement Vervoer in verband met vervoerondersoeke, is daar reeds in 'n vroeë stadium 'n basis vir die nouste samewerking tussen die Afdelings van Stadsbeplanning en Argitektuur en die Stadsingenieur daargestel.

Die beplanningsprogram bestaan in breë trekke uit drie hoof komponente:

**'n Langtermyn Struktuurplan vir 2025**

Met hierdie plan word beoog om deur die oorweging van alternatiewe ontwikkelingstrategieë, onder andere met behulp van 'n grondgebruikmodel, die mees waarskynlike langtermyn struktuur van die Pretoriase Metropolitaanse Gebied aan te dui.

Dit word aanvaar dat 'n toekomsblik oor 'n termyn van hierdie omvang aan baie onsekerheid onderhewig is. Hierteenoor moet egter in aanmerking geneem word dat 'n lang termyn nodig is om die uitwerking van sekere strategieë te kan beoordeel. In hierdie verband kan die oorweging van 'n sneltreinvervoerstelsel, wat eers oor ongeveer 50 jaar moontlik geag word, as voorbeeld dien. Aspekte wat deel van die Langtermynplan sal uitmaak, is onder andere:

(a) Die waarskynlike grense van die Metropolitaanse Gebied.

(b) Woongebiede vir verskillende bevolkingsgroepe, veral Blanke- en die Swartgroep.

(c) Die ligging van belangrike aktiwiteitsentrums, met insluiting van moontlike nuwe sentrums. 'n Breë patroon van werkgeleentheidsverspreiding hou hiermee verband.

(d) Gemiddelde woondigthede vir verskillende gebiede in die Metropolitaanse Gebied, om te onderskei tussen hoërdigtheidgebiede soos die woonstelgebied Sunnyside-Arcadia en die laerdigtheid voorstedelike gebiede.

(e) Belangrike elemente van die vervoerstelsel soos hoër-orde paaie, voorstedelike treindienste, ander spoor- en busmassavervoerstelsels.

**Korttermyn Struktuurplan**

Die klem van die opdrag val beslis op beplanning vir 'n korttermyn, en in hierdie verband word die aandag veral toegespits op voorstelle wat in die normale gang van die Stadsraad se werksaamhede en in die raamwerk van die munisipale begroting toegepas kan word.

Vanweë die tien jaar termyn wat beoog word, word die korttermynstruktuur in 'n groot mate reeds bepaal deur bestaande geproklameerde dorpe en dorpe in die proses van stigting. Hoewel 'n groot gedeelte van dié dorpe nog onontwikkel is, is die straatstelsel en ander elemente van die struktuur nietemin vasgelê.

Die korttermynvoorstelle sal gevolglik gemik wees op daardie elemente waar verandering oor 'n tien jaar termyn wel betekenisvol kan wees, byvoorbeeld:

Verandering in bestaande digtheidspatrone: Die vervanging van bestaande ontwikkeling teen oorwegend hoër digthede;

die ontwikkeling van vakante persele teen digthede wat moontlik mag afwyk van die huidige voorskrifte van die dorpsbeplanningskema;

die verandering van heersende gebruiksregte om onder andere vir nuwe aktiwiteitssentrums, of uitbreiding van bestaande sentrums, voorsiening te maak;

veranderings in die benutting van bestaande vervoerfasiliteite om onder andere 'n beter balans tussen grondgebruik en vervoer teweeg te bring.

**Aksieplanne**

Aanvullend tot die kort- en langtermynplanne word 'n aantal aksieplanne beoog wat weer eens op implementering toegespits sal wees. Hierdie aksieplanne sal op funksies en/of gebiede betrekking hê wat vir verskillende redes belangrik geag word. Hierdeur sal in die raamwerk van die korttermynvoorstelle betreklik gedetailleerde voorstelle geformuleer word wat onder andere as riglyne kan dien vir oplossings van soortgelyke probleme elders in die Metropolitaandse Gebied.

Die Sunnyside-Arcadia hoëdigtheidwoongebied, en die Sentrale Gebied van Pretoria, is reeds as twee gebiede geïdentifiseer wat vir Aksieplanne kwalifiseer. Komponente van die Sunnyside-Arcadiagebied wat in die betrokke Aksieplan ingesluit word, is onder andere:

Die woonfunksie, vervoer, parkering, die besigheidsfunksie (hoofsaaklik Esselenstraat) en die stadslandskap.

Die uitvoering van die opdrag sal waarskynlik oor ongeveer agtien maande strek.

# BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

Harold Carter: **The Study of Urban Geography** (second edition), Edward Arnold, London, 1975. 398 pages.

The book covers the entire field of urban geography. The text is based on a wide range of literature and many illustrations, taken from other sources, are included. It provides different theories on almost all aspects of urban geography. Students in urban geography and town planning will find excellent coverage of the theoretical basis for their respective fields of study; but it may be too advanced to be used as an introductory text.

In the first chapter the study of urban geography is discussed in its historical and contemporary context. Two chapters deal with the process of urbanisation and five with central place studies and theories. The problems associated with central place theory are discussed.

In one chapter different town designs are analysed in a effort to eliminate the factors which influence adversely "the image of the city". The influence of factors such as administrative and political control, culture, religion and economic forces are discussed. In a later chapter the relations between city function

and form is also analysed.

One chapter each is devoted to the central business district, residential location, the rural-urban-urban fringe and the location of industry in the city.

The impact of city's image on the citizen is dealt with in chapter 15 while the final chapter is devoted to urbanization and urban geography.

Each chapter is furnished with ample references and notes on further reading.

— ***Dr. W.P. Pienaar***

---

I.J. van der Merwe en H.L. Zietsman : **Sosiale Atlas van die Kaapstad Metropolitaanse Gebied.** Instituut vir Kartografie, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

---

Die stad is 'n geografiese gebied wat 'n besondere uitdaging bied om gekarteer te word, gesien in die lig van die talle verstedelikingsprobleme wat meegebring word deur bevolkingskonsentrasie. Tematiese kaarte wat die demografiese en sosio-ekonomiese verspreidingseienskappe van die bevolking binne die stad uitbeeld is 'n waardevolle instrument by die beoordeling van die stadstruktuur en die daaropvolgende besluitnemingsprosesse. Die breë doel van die *Sosiale Atlas van die Kaapstad Metropolitaanse Gebied* is om te dien as 'n bron van ruimtelike inligting. Die Instituut vir Kartografie van die Universiteit van Stellenbosch het dus onlangs so 'n atlas gepubliseer as 'n eksperiment in die hantering en tekaartstelling van die 1970 bevolkingsensus-data met behulp van die rekenaar en kleure.

*Akademici en navorsers* in die Stedelike Geografie bestudeer die verspreiding van Kaapstad se bevolkingskenmerke om hipoteses te toets, modelle te bou en teorieë te formuleer en vergelyk die resultate met dié van ander stede. *Professionele en owerheidsinstansies* wat gemoeid is met die administratiewe beheer en organisasie van dié stad moet besluite neem wat berus op kennis van die ruimtelike patrone van die stadsbewoners — daar word vir mense beplan volgens hulle behoefte en eienskappe. Voorts verskaf dié reeks kaarte aan die *inwoners van Kaapstad* inligting met betrekking tot die stedelike ruimte waarin hulle woon, werk en ontspan. Indien die informasie in hierdie atlas van die Kaapstad Metropolitaanse Gebied daartoe bydra om aan akademici, owerheidsinstansies en die publiek 'n groter begrip van die stad se bevolkingskenmerke te bied sodat daaruit 'n beter leefruimte geskep kan word, dan het die atlas in sy doel geslaag.

Die atlas bestaan uit 'n reeks van 39 kaarte wat elk 'n bepaalde kenmerk van Kaapstad se bevolking uitbeeld. Die kaarte is georganiseer in ses afdelings, naamlik oriënteringskaarte (3 kaarte), demografiese struktuur (8 kaarte), sosio-kulturele struktuur (8 kaarte), sosio-ekonomiese struktuur (10 kaarte), woningstruktuur (8 kaarte) en gekombineerde sosiale struktuur (1 kaart). Op die teenbladsy van elke kaart verskyn, waar dit moontlik is, 'n statistiese opsomming en twee histogramvoorstellings. Die een histogram toon die frekwensieverdeling van die besondere bevolkingsveranderlike wat gekarteer is ten opsigte van sy eie kategorieë. Die ander histogram toon op sy beurt die frekwensieverdeling van die sensuswyke (of opnemersubdistrikte) se syferwaardes vir die betrokke veranderlike. Voorts verskyn daar 'n verduideliking van die berekeningsprosedure vir die kaart, sowel as 'n kort oorsig van die opvallendste algemene patrone op die kaart en frekwensiediagramme. Dit was nie die doel van dié beskrywing om op al die fyner gebiedsverskille en frekwensiekenmerke in te gaan of om verklarings vir die patrone aan te bied nie. Dit word aan die individuele kaartgebruiker oorgelaat om self die kaarte te interpreteer.

Die data vir die saamstel van die kaarte is verkry van die rekenaarsbande van die amptelike bevolkingsensus wat in 1970 deur die Departement van Statistiek onderneem is. Die ongepubliseerde persoonlike en huishouding/woninggegewens (01 en 03 sensusvorms) is onttrek vir sensuswyke van die stedelikbeboude gebiede in die landdrosdistrikte Kaapstad, Wynberg, Simonstad, Bellville, Goodwood en Kuilsrivier. Sensuswyke of gedeeltes daarvan wat buite die aaneengeslote beboude metropolitaanse gebied val is nie ingesluit nie, sodat uitendelik 1 114 sensuswyke se gegewens gebruik is vir karteringsdoeleindes. Die totale oppervlakte wat gekarteer is beslaan 486 $km^2$. Slegs Blankes, Kleurlinge en Asiërs is betrek in die atlas. Hierdie bevolkingsgroepe is as 'n geheel behandel om verskille tussen die bevolkingsgroepe duideliker aan te toon. Sodoende is die bevolkingskenmerke van 982 737 mense (38,6% Blankes en 61,4% Kleurlinge/Asiërs) gebruik in bogenoemde ses landdrosdistrikte se beboude stedelike oppervlakte.

Nadat die nodige berekeningsprosedures op die data uitgevoer is, is elke bevolkingsveranderlike se resultate in vyf kategorieë of klasse verdeel, nadat die frekwensieverdeling van die 1 114 sensuswyke in ag geneem is vir die keuse van sinvolle verdelingspunte wat die kontraste aksentueer. Die bevolkingskaarte is hierna saamgestel deur die aanwending van die sogenaamde Symap-rekenaarsprogram. Sodoende word intensiteitsimbole in elke sensuswyk geplaas ooreenkomstig hul kwantitatiewe waardes en die kategorie waarin dit val. Die grense van die sensuswyk is vooraf versyfer volgens die hoekpunte. Om die interpretasie van die kaarte te vergemaklik, is enkele plekname en die amptelike Kleurling/Asiërgroepsgebiede in kleur aangebring. Die verskil tussen die Blankes en Kleurling/Asiërs vorm by die meeste kaarte en frekwensiediagramme die hoofkenmerk van die demografiese en sosio-ekonomiese eienskappe in die Kaapstad Metropolitaanse Gebied. Uit die geheelbeeld van die Atlas kan 'n evaluering gemaak word van die ruimtelike patrone van die bevolkingstruktuur in 1970 om daarvandaan 'n strategie vir die toekoms op empiriese getuienis te bou.

Die Instituut vir Kartografie hoop om soortgelyke atlasse vir ander Matropolitaanse gebiede te publiseer indien die behoefte daarvoor bestaan. Menings in dié verband sal verwelkom word. Die *Sosiale Atlas van die Kaapstad Metropolitaanse Gebied* kan teen R15.00 per eksemplaar bestel word van

Die Direkteur
Instituut vir Kartografie
Universiteit van Stellenbosch
Stellenbosch 7600